

6 April

Psalm 103:1-22

(Teks: 103: 12)

Ons sondes is totaal weggeneem

Die Heilige Gees het Dawid so geïnspireer dat hy nie hier praat van "noord" en "suid" nie, maar wel van "oos" en "wes". Dit maak 'n wêreldse verskil aan die betekenis van wat hy sê oor die finaliteit van ons skuldvergiffenis deur God. As 'n mens noord sou vlieg met 'n vliegtuig en jy gaan oor die noordpool, dan vlieg jy weer suid. Noord en suid ontmoet mekaar dus by die pole. Wanneer 'n mens egter in 'n oostelike rigting vlieg, dan bly jy oos vlieg tot in ewigheid. Oos en wes ontmoet mekaar nooit nie. Oos en wes kom nooit bymekaar uit nie.

Hierdie beeld gebruik die digter om die totale versoening van ons sondes te teken. Deur die offer van Jesus Christus het God ons sondeskuld so totaal weggeneem dat ek en my sonde mekaar nie weer ontmoet nie. Wanneer 'n mens praat oor skuldvergiffenis deur God, op grond van die offer van Jesus Christus, dan gebruik 'n mens woorde soos *final*, *volkome* en *volledig*. My sondes is so volkome versoen dat ek selfs in die ewigheid nie weer met my sonde gekonfronteer gaan word nie. In die ewigheid, voor die regterstoel van God, daar het Jesus Christus reeds vir my sondes gestaan en die skuld van my sondes reeds betaal.

Die Heilige Gees bring ons deur die Woord so onder die indruk van die volkome versoening van sondes dat ons met ons lewe elke dag die een rigting inslaan, terwyl die sonde 'n ander rigting loop. As die winde van sonde wes sou waai, dan loop die gelowige met sy gedagtes en woorde en dade oos. Ons kan immers nie anders nie. Ek is vyand van die sonde en uit dankbaarheid dat God al my sondes volkome weggeneem het, draai ek my rug op die sonde en soek ek doelbewus en doelgerig die eer van God in alles wat ek doen.

Sing Psalm 103:6

Dr. DJ.S. Steyn (Benoni-Noord)